



# Graad 6 Godsdiensopvoeding Toets 2015

AFDELING A: MEERVOUDIGE KEUSE (25 PUNTE)

**(1) Watter stelling beskryf Christelike dissipelskap?**

- A. Dissipelskap gaan daaroor om 'n mens se plig te doen aan die Christengemeenskap.
- B. Dissipelskap gaan daaroor om gereeld kerk toe te gaan.
- C. Dissipelskap gaan daaroor om te probeer om Jesus na te volg.
- D. Dissipelskap gaan daaroor om goed te wees.

**(2) Christene doen God se wil wanneer hulle:**

- A. doen wat hulle wil
- B. doen wat hulle ouers wil hê hulle moet doen
- C. die wet sonder vrae gehoorsaam
- D. volgens Jesus se onderwysinge lewe

**(3) Kanonisering is die proses waardeur**

- A. 'n priester 'n biskop gemaak word
- B. heilige mense geprys word
- C. heilige mense tot Heiliges verklaar word
- D. mense deur die gemeenskap geseën word

**(4) 'n Evangelie is**

- A. 'n Storie wat deur Jesus geskryf is
- B. 'n Vertelling van die ervaring en begrip wat vroeë Christene van Jesus gehad het
- C. 'n Brief wat deur 'n apostel aan die Christelike kerke geskryf is
- D. 'n Toneelstuk oor Jesus se lewe

**(5) Die drie teologiese deugde is**

- A. Geloof, oortuiging en vertroue
- B. Moed, geduld en deursettingsvermoë
- C. Kennis, begrip en wysheid
- D. Geloof, hoop en liefde

**(6) Die deug wat ons in staat stel om positief te bly omtrent die lewe en om God se beloftes te vertrou is**

- A. Geloof
- B. Hoop
- C. Liefde
- D. Vreugde

**(7) 'n Sakristaan**

- A. Berei die altar voor die Heilige Mis.
- B. Help die priester gedurende die Mis.
- C. Help om die Heilige Communie uit te deel.
- D. Verwelkom die gemeentelede vir die Mis.

**(8) Die beste rede om Kerk toe te gaan is**

- A. Om vriende te ontmoet
- B. Om uit te vind wat daardie week in die gemeente gebeur.
- C. Om God saam met die gemeente te aanbid
- D. Om as 'n gesin saam te bid

**(9) Sakramente is**

- A. Aksies om die Kerk se sendingwerk te steun
- B. Gebede tot God vir mense wat ons hulp nodig het
- C. Gewyde rituele in die Kerk wat God se genade na ons bring
- D. Heilige prente en voorwerpe wat in die Kerk is

**(10) Die twee Sakramente van Genesing is**

- A. Doop en Aanneming
- B. Aanneming en Boetedoening
- C. Boetedoening en Salwing van siekes
- D. Huwelik en Heilige Wyding

**(11) Die Sakrament van Heilige Wyding verwys na die**

- A. Ordening van 'n diaken, priester of biskop
- B. Wyding van 'n Godsdiestige Suster of Broeder
- C. Roeping van 'n sendeling
- D. Toewyding van mense aan die Kerk

**(12) Kies die korrekte stelling. Advent is 'n liturgiese seisoen wat**

- A. Jesus se veertig dae in die woestyn gedenk.
- B. Wat op die koms van die beloofde Messias wag
- C. Die geboorte van Jesus vier.
- D. Die uitstorting van die Heilige Gees op die dissipels vier.

**(13) Die twee Kerkseisoene waarin die kleur pers gebruik word is**

- A. Gewone Tyd en Advent
- B. Kersfees en Paasfees
- C. Lydenstyd en Paasfees
- D. Advent en Lydenstyd

**(14) Die beste manier om spontane gebed te beskryf is:**

- A. 'n gebed wat tydens die liturgie deur die koor gesing word
- B. 'n gebed uit die hart in reaksie op wat in ons lewens aan die gang is
- C. 'n gebed wat tydens die mis gesamentlik deur die hele gemeente gebid word
- D. gebede wat deur Christene geleer word, soos die 'Onse Vader' of die 'Rosekrans'

**(15) Die beste manier om oordenking te beskryf is**

- A. om liturgiese gesange te gebruik as 'n vorm van gebed
- B. om God te vra vir hulp met 'n probleem
- C. om tradisionele hardop uitgesproke gebede te gebruik om tot God te bid
- D. om net met God te verkeer in die stilte van ons harte

**(16) Die huidige leier van die wêreldwye Katolieke Kerk is**

- A. Pous Benedictus XVI
- B. Pous Franciskus I
- C. Pous Johannes Paulus II
- D. Pous Paulus VI

**(17) Wie is die Katolieke beskermheilige van Suid-Afrika??**

- A. Maria Ten-Hemel-opgeneem
- B. Maria Koningin van die Hemel
- C. Geseënde Joseph Gerard
- D. Heilige Josephine Bakhita

**(18) Ngome in KwaZulu-Natal kan die beste beskryf word as die ligging van 'n:**

- A. 'n Heilige fontein
- B. 'n Benediktyne abdy
- C. Mariapelgrimstog
- D. Bisdomlike katedraal

**(19) Rangskik die volgende gebeure in die korrekte geskiedkundige volgorde:**

- 1 Die Kruistogte**
- 2 Die Tweede Vatikaankonsilie**
- 3 Die Hervorming**
- 4 Die Sendingreise van Heilige Paulus**

- A. 2, 1, 3, 4
- B. 1, 3, 2, 4
- C. 3, 2, 4, 1
- D. 4, 1, 3, 2

**(20) Benedict Daswa het in September 215 die eerste Suid-Afrikaner geword wat as die volgende heilig verklaar is:**

- A. Christenmartelaar
- B. Katolieke heilige
- C. Bisdomlike biskop
- D. Man van die mense

**(21) Die volgende is 'n bekende Afrikagestigte, Afrika-geleide onafhanklike kerk in Suid-Afrika:**

- A. Die Zionistiese Christelike Kerk (ZCK)
- B. Die Anglikaanse Kerk van Suider-Afrika (AKSA)
- C. Die Metodistekerk van Suid-Afrika (MKSA)
- D. Die Verenigende Presbiteriaanse Kerk van Suider-Afrika (VPKSA)

**(22) Die verhaal van die Israeliete se reis uit Egipte na die Beloofde Land kom in die volgende Bybelboek voor:**

- A. Genesis
- B. Exodus
- C. Levítikus
- D. Númeri

**(23) Hoe sou jy "Hoofstuk 2, vers 10 van die Evangelie van Mattheüs" skryf wanneer jy 'n verwysing uit die Bybel neerskryf?**

- A. 2 Matt 10
- B. Matt 10:2
- C. 10 Matt 2
- D. Matt 2:10

**(24) Wat is die gebed wat Jesus ons geleer het?**

- A. Die Wees-gegroet
- B. Die Eer aan die Vader
- C. Die Kruisteken
- D. Die Onse Vader

**(25) Jesus het aan sy volgelinge gesê: "Ek gee julle 'n nuwe gebod" (Johannes 13:34). Wat was sy nuwe gebod?**

- A. 'Moet julle nie oor môre bekommer nie, môre sorg vir homself.'
- B. 'Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefgehad het.'
- C. 'Gaan heen, maak dissipels van al die nasies...'
- D. 'Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.'